

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Stigling and Another

(460/88) [1989] ZASCA 67; [1989] 2 All SA 432 (A) (29 May 1989)

[1989] ZASCA 67

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Hefer, EM Grosskopf, Kumleben

CASE / FILE NUMBER

460/88

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

Saakno 460/88 IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (APPÈLAFDELING) In die saak tussen;PAUL ALBERTUS STIGLING Appellant 1

DENNIS VALENTINE Appellant 2enDIE STAAT RespondentCORAM: HEFER, E M GROSSKOPF, KUMLEBEN, ARR VERHOOR: 12 Mei 1989 GELEWER: 29 Mei 1989

UITSPRAAK HEFER, AROp 9 Maart 1987 het die appellante gepoog om die 88-jarige Mev Huibrecht Boshoff in haar huis in Melville, Johannesburg, te beroof. Sy is gedreig met iets wat gelyk het na 'n vuurwapen maar wat inderdaad 'n speelgoed pistool kon gewees

2

het. Daarna is sy in 'n spens ingestamp waar sy geval het en waar sy en haar huishulp, Mev Xaba, vasgebind en genuilband is.Hulle is daar gelaat terwyl die appellante in die huis gesnuffel het vir geld. Hulle kon niks vind nie. Appellante het daarop die huis verlaat en op 'n aangrensende perseel ingebreek en 'n aantal artikels gesteel. Intussen was Mev Boshoff en die huishulp nog steeds in die spens. Laasgenoemde het geslaag om haar hande los te wikkels en hulp by bure te gaan soek. Sy en 'n buurvrou is weer die huis binne. Op die spensvloer het hulle Mev Boshoff dood aangetref.Die appellante is kort na die voorval gearresteer en by hulle latere verhoor in die hof a quo is hulle skuldig bevind aan moord op Mev Boshoff, aan 'n poging om Mev Boshoff te beroof en aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal uit die huis op die aangrensende perseel. Die verhoorhof het bevind dat daar nie versagende omstandighede was ten opsigte van die moord nie en die appellante ter dood veroordeel. Op die ander twee aanklagte is gevangenisstraf opgelê wat, in eerste appellant se

3

geval, 19 jaar en, in tweede appellant se geval, 15 jaar in totaal beloop. Die huidige appèl is slegs gemik teen die skuldigbevinding en vonnis op die moordklag.

Wat die skuldigbevinding betref, is die enigste vraag

wat in hierdie hof beredeneer is of die appellante op dievoorgelegde getuienis skuldig is aan moord dan wel aan strafbare manslag. Die antwoord hang uitsluitlik af van dievoorsienbaarheid vir die appellante van die oorledene se doodiasgevolg van die geweld wat hulle haar aangedoen het. Dieverhoorhof het bevind dat

"... die beskuldigdes vanweë die hoë ouderdom en die tengerheid van die oorledene subjektief voorsien het dat die dood van die oorledene moontlik kon intree as gevolg van hulle handeling en optrede deur haar vas te maak en 'n doek of doeke om haar mond styf vas te bind

Appellante se advokaat het egter aangevoer dat, hoewel die appellante redelikerwys behoort te voorsien het dat die oorledene moontlik kon sterf, dit nie bewys is dat hulle dit inderdaad voorsien het nie; daarom moes hulle skuldig bevind gewees het

4

aan strafbare manslag.Voordat die meriete van die betoog namens die appellante oorweeg word, is dit nodig om kortliks te verwys na die bevindings by die lykskouing wat na haar dood op die liggaam van die oorledene uigevoer is en na die getuienis van die lykskouer daaromtrent. Breinbloeding op vier afsonderlike plekke en tekens van 'n ernstige hartsiekte is gevind. Die lykskouer het die oorsaak van dood as breinbloeding en hartversaking aangegee en verduidelik dat die moontlikheid nie uitgesluit is nie dat die oorledene aan hartversaking weens blote emosionele spanning gesterf het. (Dat dit so is, wil ek dadelik sê, is nie ter sake by die oorweging van appellante se aanspreeklikheid nie. Hulle advokaat het tereg toegegee dat al die omstandighede daarop dui dat hulle onwettige optrede die oorledene se dood veroorsaak het, wat ook al die presiese doodsmeganisme mag gewees het.) Dat die oorledene breinbloeding op vier plekke opgedoen het, skep 'n mate van onsekerheid. Volgens Mev Xaba het sy slegs een maal geval toe die appellante

5

haar gestamp het maar volgens die lykskouer is dit onwaarskynlikdat bloeding op soveel plekke deur 'n enkele val veroorsaak kongewees het Dit skep die indruk dat meer geweld toegepas is aswat hierbo beskryf is. Maar die verhoorhof het Mev Xaba segetuienis aanvaar en die afwesigheid van 'n verduideliking vir aldie bloedings kan die appellante nie tot nadeel strek nie. Dieappèl moet beslis word op die grondslag dat hulle die oorledenenie meer geweld aangedoen het as dié wat reeds beskryf is nie.Dit is nie nodig om uit te wei oor die wesensverskiltussen moord en strafbare manslag of oor die onderskeid tussendolus eventualis en nalatigheid nie. Vir huidige doeleindes isdit voldoende om te verwys na die uiteensetting in S v. de Bruynen 'n Ander 1968(4) SA 498 (A) op 510, S v. Sigwahla 1967(4) SA566 (A) op 570 B-D en S v. Dladla en Andere

1980(1) SA 1 (A) op 4 A-B en in gedagte te hou dat dit by laasgenoemde onderskeidinggaan om die verskil tussen sogenaamde objektiewe en subjektiewevoorsienbaarheid (objektief in die sin van voorsienbaarheid aan die hand van "die objektiewe waarskynlikhede, wat op algemene

6

menslike ervaring berus" (per JANSEN AR in Dladla op 4 H), ensubjektief in die sin van 'n beskuldigde se daadwerklikeversiendheid ten opsigte van die moontlike gevolge van syhandeling.) Vir 'n skuldigbevinding aan moord word natuurlikbewys bo redelike twyfel geverg dat die beskuldigde inderdaad diedood van sy slagoffer as 'n moontlike gevolg van sy handelingvoorsien het. Dikwels geskied dit by wyse van afleiding uit diebewese feite en in sulke gevalle kan die objektiewevoorsienbaarheid van die dood in aanmerking geneem word. Wategter nie uit die oog verloor moet word nie, is dat die algemenebenadering tot bewys by wyse van afleiding ook in sulke gevallegeïd. In S v. Sigwahla (supra op 570 E-F) is opgemerk:

"Subjective foresight, like any other factual issue, may be proved by inference. To constitute proof beyond reasonable doubt the inference must be the only one which can reasonably be drawn. It cannot be so drawn if there is a reasonable possibility that subjectively the accused did not foresee, even if he ought reasonably to have done so, and even if he probably did do so."

(Kyk ook S v. Shaik and Others 1983(4) SA 57 (A) op 62 H.)

7

Volgens WESSELS AR in S v. Bradshaw 1977(1) P.H. H60

"(the) court should guard against proceeding too readily from 'ought to have foreseen' to 'must have foreseen' and thence to 'by necessary inference in fact foresaw' the possible consequences of the conduct enquired into. The several thought processes attributed to an accused must be established beyond any reasonable doubt, having due regard to the particular circumstances which attended the conduct being enquired into."

Ek stem met eerbied volmondig saam. Die vraag is nou: is dit in die huidige geval bo redelike twyfel bewys dat die appellante voorsien het dat die oorledene moontlik kon sterf as gevolg van hulle optrede hierbo beskryf? Daar is geen direkte getuienis dat hulle dit inderdaad voorsien het nie; intendeel, tweede appellant het getuig dat, wat hom betref, dit nie die geval was nie. (Eerste appellant het sy aandadigheid ontken sodat die vraag nie met hom geopper is nie). Dit kom dus daarop neer dat wat oorweeg moet word, is of die enigste redelike afleiding van die bewese feite is dat hulle dit voorsien het. Myns insiens is dit nie.

Wat in hierdie geval sterk na vore tree, is die

8relatief geringe mate van geweld wat op die oorledene toegepas is. Dit is ongelukkig so dat rooftogte waarmee die howe te doen kry deesdae dikwels gepaard gaan met gruwelike geweld; dikwels word die slagoffer dood of ernstig beseer in 'n plas bloed agtergelaat. So 'n geval is die huidige een nie. Die indruk wat die appellante se optrede laat, is dat hulle Mev Boshoff en haar huishulp met die mins-moontlike mate van geweld buite aksie wou stel sodat hulle die huis

ongehinderd kon plunder. Dit spreek natuurlik vanself dat dood as gevolg van geringe geweld nie maklik voorsienbaar is nie. Daarom is dit verstaanbaar dat die hof a quo sy bevinding dat die appellante die moontlikheid van die oorledene se dood voorsien het, gebaseer het, nie op die mate van geweld nie, maar op haar ouderdom en tengerheid. Die getuienis dui aan dat die appellante bewus was van haar bejaardheid (hulle wou bv. van Mev Xaba weet waar die "ou vrou" was) maar nie dat hulle geweet het van haar tengerheid of van die feit dat sy nie gesond was nie. Dit is alles faktore wat heelwaarskynlik bygedra het tot haar dood maar, hoewel haar

9

bejaardheid op sigself voldoende rede was waarom die appellante behoort te voorsien het dat sy moontlik sonder veel geweld kon sterf, meen ek nie dat hiervan afgelei kan word dat hulle dit inderdaad voorsien het nie. Daarom meen ek dat die betoog dat hulle skuldig bevind moes gewees het aan strafbare manslag gehandhaaf moet word.

Wat vonnis betref, het ek reeds aangedui dat eerste appellant 'n totaal van 19 jaar en tweede appellant 'n totaal van 15 jaar weens die twee ander oortredings opgelê is. Ek meen nie dat hulle optrede die betrokke dag hulle aanhouding vir langer tydperke regverdig nie; vandaar die bevel wat ek van voorneme is om te maak. Dit lui soos volg:

Die appèl slaag tot die mate dat die appellante se skuldigbevindings en vonnisse op die eerste aanklag ter syde gestel word. Die skuldigbevindings op die eerste aanklag word vervang met skuldigbevindings aan strafbare manslag en die vonnisse, in die geval van beide appellante, met gevangenisstraf vir 8 jaar wat sal saamloop met die vonnisse wat hulle op die tweede aanklag opgelê is.

J J F HEFER, AR

E M GROSSKOPF, AR

KUMLEBEN, AR Stem

saam

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1989/67.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-stigling-and-others-unknown-topic-asca-1989>

Prepared on 12 October 2026 · Esheria